Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 19 Maart 1952. Prys 3d. Nr. 16.

# NUWE ROL BEPLAN VIR BRITSE KROON

**Daar is op die oomblik 'n beweging in Brittanje onder invloedryke persone aan die gang om nog groter Empire-eenheid te bewerkstellig deur middel van die Britse koning. Die idee is om in plaas van periodieke besoeke aan Statebandslande en kolonies die koningin vir aansienlike tydperke by die verskillende onderhorige lande te laat inwoon sodat die volke van die Empire sterker koningsbewus en dus lojaler teenoor Brittanje kan word. Volgens ingeligte bronne is die moontlikheid sterk dat hierdie voorstel eerlang aanvaar sal word, aangesien die waarde van die Britse kroon as saambindende faktor vandag in Brittanje die hoogste geskat word. So 'n nuwe „ewolusie van die kroon," soos dit genoem word, word in dele van die Britse pers beskryf as 'n „historiese ontwikkeling van die grootste betekenis."**

Die Britte het altyd die waarde van die koningskap as 'n Empire-band hoog aangeslaan, maar hulle het voor die oorlog hoofsaaklik van prinse gebruik gemaak om die lojaliteit in die onderhorige state te versterk. Sedert die oorlog, en veral as gevolg van die koninklike besoek aan Suid-Afrika, wat deur die imperialiste as besonder geslaagd beskou is, het dit beleid geword om die koning self na sy dominiums te laat gaan. Ongelukkig vir hulle het die slegte gesondheid van koning George dit nodig gemaak om voorgestelde besoeke aan Australië en Nu-Seeland en na Suid-Afrika, telkemale uit te stel.

### INWONING

**Nou dat daar 'n jong koningin op die troon sit, word gevoel dat hierdie metode van Empire-versterking nie alleen doeltreffender toegepas kan word nie, maar selfs uitgebrei kan word deur die besoeke die vorm van inwoning te laat aanneem.** Een blad wat die gedagte steun, skryf dat net soos die Britte in die verlede gewoond geword het dat die koninklike gesin in die somer in Balmoral en in die winter in Sandringham woon, so moet hulle in die toekoms gewoond daaraan word dat die koningin deel van die somer in Kanada en deel van die winter in Suid-Afrika of Australië woon.

### VOLGENDE STAP

Die voordele van so 'n reëling kan nouliks oordryf word, word verklaar. Die koningin sal 'n groter en intiemer kennis hê van haar eerste ministers in die dominiums. Haar invloed sal inderdaad baie groot word.

„Dit sal moontlik die volgende groot stap in die ontwikkeling van die kroon blyk te wees. Elke oorsese land sal die voordeel hê om die koningin intiem te ken, en Brittanje self sal duideliker besef dat die koningin sy een enkele waarborg is van bestendige veiligheid binne die Statebond-stelsel waarvan die lewe van Brittanje afhang."

### NUWE ROL

**Die blad gaan voort deur te verklaar dat 'n nuwe en interessante hoofstuk besig om aan te breek waarin die kroon nog belangriker sal word as tydens enige ander heerskappy.** In die verlede kon Brittanje dit bekostig het om maar een koninklike besoek in die leeftyd van 'n koning in die oorsese Empire te laat plaasvind, want Brittanje was ekonomies en politiek die sterk middelpunt van die Empire. Nou het die toestand verander en die snel groeiende oorsese gewestes kom in 'n nuwe verhouding tot die moederland en hul opvattings loop al verder uitmekaar. Hierdie toestand kan verhelp word indien die Britte bereid is om „met versiende oë" hul koningin hierdie nuwe rol te laat speel.

### MOOI DINGE

Op die pers en skrywers word 'n beroep gedoen om net mooi dinge van die koninklike gesin te publiseer en nie op sy of haar private lewe in te gaan nie. Sulke artikels en boeke is nie bevorderlik vir die koninklike prestige nie, en daarom moet net sekere feite in verband met die koninklike lewe openbaar gemaak word wat in verband staan met hul toewyding aan die Empire.

„Die Kroon van Brittanje gaan terug tot die verste eeue. Hierdie mistieke simbool van plig en verantwoordelikheid was nog nooit van groter betekenis en waarde — en daarom ook heiliger as juis nou in Brittanje se uur van hoogste nood nie," lui die oproep.

### NUWE HALTER

**Die volk van Suid-Afrika moet op sy hoede wees vir hierdie nuwe imperialistiese halter wat vir hom voorberei word. Die vraag waaroor dit gaan is nie of ons uit ons skatkis 'n koninklike paleis in Pretoria moet bou en of die koningin tevrede sal wees om in Botha-huis te woon nie. Dis maar bykomstighede. Die werklike vraag is: Sal Suid-Afrika deur die nuwe ontwikkelings wat voorberei word dieper en dieper in die Empire gesuig word of sal Suid-Afrika sy vryheid vind in 'n republiek buitekant die Britse Empire?**

*Is u besig om intekenare op Die O.B. te werf? Dankie.*

# PUIK FUNKSIE OP BRANDVLEI

**Die Brandvlei-kommando het hierdie jaar weer soos gewoonlik saamgetrek (op 1 Maart) om Vryheidsdag te vier op die plaas Skansklip B. van hoofgeneraal W. P. Burger, berig die kommando se korrespondent.**

Die verrigtinge het reeds voor ontbyt 'n aanvang geneem nadat komdt. W. S. Burger die funksie geopen en die aanwesiges verwelkom het. Hy het 'n paar vrae in die midde gelê wat elke offisier en brandwag hom- of haarself in hierdie tyd moet afvra.

**Mag ons, na al die stryd van die verlede, die republikeinse ideaal oorboord gooi? Sal ons nageslagte daarmee tevrede wees? Watter organisasie of party of wat ook al, behalwe die Ossewabrandwag, is nog getrou aan hierdie ideaal?**

Die mooi bedrag van £54/1/8 is ingesamel deur die verkoop van verversings waarmee die vrouekommando, soos gewoonlik, weer hulle beste voet voorgesit het; jukskeigooi, skyfskiet, skenkings, en so meer.




MNR. H. L. NEETHLING

saam met die koning eet nie. En nou? het mnr. Neethling gevra.

Daar is £4 ingesamel.

**Die vryheidsvuur is onder die sing van volksliedere aan die brand gesteek en nieteenstaande ons maar min was hou ons moed. Dit was nog nooit die groot massas wat die vryheid uitgeveg het nie, ook nie in die ou dae nie.**

Maarskalk Tito, regeringshoof van Joegoe-Slawië, die nasionale kommunis wat by die weste staan, glo nie dat 'n derde wêreldoorlog sal uitbreek nie. Die mensdom is bang vir oorlog en hulle wil nie oorlog hê nie, is sy standpunt.



MNR. W. P. BURGER

**„Wees verseker, mede-brandwagte op die republikeinse pad, dat Brandvlei sal staan tot die stryd gewen is," sluit die korrespondent die berig.**

* * *

# O.B. Moet Vryheid Red

**Vryheidsdag is op 27 Februarie gevier op die plaas van mnr. J. C. Schmidt, berig ons korrespondent op Tuinplaats. Mnr. Schmidt het gesorg vir 'n groot stapel hout.**

Aangesien hier nie 'n behoorlike organisasie van die fees kon wees nie weens die feit dat die vroeëre offisiere van die O.B. oorgegaan het na die Party het ons toe maar informeel bymekaar gekom.

Mnr. H. L. Neethling, oudgeneraal van die Ossewabrandwag, het op versoek van die twintigtal O.B.-lede 'n kort toespraak gelewer. **Hy het die brandwagte daarop gewys dat ons 'n republiek vir ons nageslag maar kan vergeet as die O.B. nie nou inspring en die saak red nie.** Die politieke party is nou so Brits dat hulle niks sal doen om Brittanje seer te maak nie. Volgens die party moet ons volk nou rou oor die dood van die koning. Toe die teenswoordige Regering egter in opposisie was wou hulle nie

# SLEGS O.B. PLEIT VIR REPUBLIEK

**Vir die eerste keer in die afgelope paar jaar het die O.B.-kommando van Ceres vanjaar weer Vryheidsdag gevier en wel op die plaas Morceaux van mnr. P. R. Retief (hoofgeneraal). Die opkoms was bo verwagting goed en die geesdrif pragtig. Na afloop van die verrigting het etlike O.B.-lede van die offisiere genader met die versoek dat daar weer soos in die verlede voortgegaan moet word met gereelde byeenkomste.**

Die kommandant, mnr. J. B. Zulch, het opgetree as voorsitter, terwyl die plaaslike leraar, dr. De Swart, die godsdienstige deel van die verrigtinge waargeneem het en 'n kort besielende rede gehou het. Die hoofgeneraal, mnr. P. R. Retief het die hooftoespraak gehou en veral die magteloosheid van 'n party beklemtoon om die republikeinse ideaal lewendig te hou omdat hy so afhanklik van stemme is.

Hy het ook 'n beroep gedoen op republikeinsgesinde Afrikaners om elke jaar met ons saam te kom op Vryheidsdag, aangesien die O.B. nog die enigste organisasie is wat hierdie ideaal ondubbelsinnig kan stel.

Nadat die gewone program afgehandel is het die lede gesellig verkeer deur vrugte en verversings te geniet.



MNR. P. R. RETIEF

# 39 NUWE LESERS

**Die O.B. het verlede week weer nege-en-dertig nuwe lesers bygekry. Dit openbaar ywerige werwingswerk en ons hartlike dank en waardering word betuig aan die betrokke lesers wat gehelp het om ons blad te versprei.**

Mnr. P. C. Els, Port Elizabeth, het twee gereelde lesers gewerf; mnr. H. L. Neethling, Tuinplaas, een vir drie maande; „1914-Rebel" van Amersfoort het een gereelde leser gewerf; mnr. S. W. Naude, Bethlehem, ook een gereelde leser; mnr. B. J. Strauss van Winburg het twee gereelde nuwe lesers gewerf; „Tiervlei" ook een gereelde leser; „Karroo" het elf nuwe intekenare vir drie maande elk gewerf; „Suidwester" het twaalf nuwe lesers vir drie maande elk gewerf; mnr. C. Brink van Klaver het drie nuwe lesers vir drie maande elk gewerf en mev. J. Theron van Koffiefontein het vier nuwe lesers vir een maand gewerf en een vir drie maande.

Verlede week het „Suidwester" drie biltongpryse uitgeloof aan die leser wat tot en met 30 Augustus 1952 die meeste gereelde intekenare op Die O.B. werf.

Ons vertrou dat al ons lesers aan die intekenare-wedstryd sal deelneem — ter bevordering van die Ossewabrandwag deur die verspreiding van die O.B.-blad.

# Tee-Aand

'n Aangename tee-aand is verlede Vrydagaand in die huis van mnr. en mev. (asst.-hoofkomdte.) S. Harris op Tiervlei gehou. Volgens gewoonte by hierdie vriendskaplike samekomste is 'n kollekte gehou vir die fondse van DIE O.B.-blad. Dit het £2/1/- bedra.

# Aan Kommando's

Generaals en kommandante word versoek om asseblief verslae te stuur aan die O.B.-blad van alle funksies en bedrywighede van hul eenhede.

Die bedrywighede van ons kommando's is nuus — goeie nuus — vir die Ossewabrandwag.

Maak dus deur middel van u blad bekend wat u doen. Dankie.

# Vroue-Vergadering

Die gewone maandelikse vergadering van O.B.-vroue van Kaapse Skiereiland en omstreke sal weer op 26 Maart — die laaste Woensdag van die maand — gehou word in die Komiteekamer, Groote Kerkgebou, Kaapstad om 10.30 voormiddag. Mans wat hulle vroue stad toe bring is baie welkom om ook die vergadering by te woon.

DIE O.B., WOENSDAG, 19 MAART 1952

# O.B. SE KRITIEK

In sekere kringe word deesdae gemurmureer omdat die O.B. en veral ons blad te heftig reageer op die Regering se hulpverlening aan Brittanje. Daar word beweer dat ons nooit teen die Verenigde Party te velde trek nie, terwyl dié party tog nog meer Empire-gesind is as die bewindvoerende Nasionale Party. Wat is nou die posisie? Ons kan tog nie die V.P.-opposisie gaan aanval vir dade van die Regering nie. Ons stryd is vir 'n rigting — die republikanisme — en almal en enigiemand wat in die pad van daardie rigting staan, sal ons teen aanstamp ongeag wie en wat hy is. As republikeinse waghond het die O.B. hoofsaaklik twee take: Die een is om alle republikeine op die regte spoor te probeer hou en daarom waarskuwings te uit wanneer daar in eie kring afwykinge kom wat tot 'n verswakking van die ideaal kan lei. Daarom het ons in die verlede ons stem laat hoor wanneer die nasionaalgesinde partyleiding dinge doen wat nie bevorderend vir die republikeinse ideaal is nie, **maar ons het ook wel deeglik ons stem laat hoor wanneer die Empire-gesinde Verenigde Party dinge gedoen het wat met ons ideaal in stryd is. En dit is nou juis opmerklik dat ons blad in 1947, toe die Verenigde Party aan bewind was, presies op dieselfde wyse gereageer het oor hulpverlening aan Brittanje as tans waar die Nasionale regering presies dieselfde dinge doen.** So het ons op 17 September 1947 die volgende in 'n hoofartikel geskryf toe dit duidelik geword het dat die Smutsbewind Brittanje in sy ekonomiese krisis te hulp wil kom ten koste van ons landsbelang:

**BRITSE BEHOEFTE BEPAAL BELEID**

„Van die dominiums word nou verwag om hul handelsbetrekkinge met daardie deel van die buiteland waar die dollar die betaalmiddel is, te verbreek en hulle geheel en al toe te spits op Brittanje met sy sterlingsleepsel. En dit beteken nie net dat Suid-Afrika byvoorbeeld in die plek van Amerikaanse motors nou net Britse motortjies moet koop nie; **dit beteken selfs dat Suid-Afrika geen motors moet invoer nie indien Brittanje sy motortjies aan die dollar-lande verkoop kan kry. Die eis wat Brittanje aan Suid-Afrika stel is naamlik om sy handel met dollarlande, d.w.s. ook met Amerika, soveel as moontlik in te kort, maar terselfdertyd sy invoer uit Brittanje te beperk tot goedere wat dollar-lande nie wil hê nie. Hy moet dus nie handel dryf volgens sy eie behoefte nie, maar volgens Brittanje se behoeftes, en waar dit in Brittanje se belang is dat Suid-Afrika sonder 'n benodigdheid moet klaarkom, moet ons daarsonder klaarkom as deel van ons offer aan die ,ou moederland.'**

„Waarop hierdie beleid neerkom is dat Suid-Afrika sy steeds groeiende uitvoer na lewenskragtige lande soos Amerika moet afbreek. Die markte wat ons reeds met soveel moeite opgebou het, sal met een slag vernietig word, en die hoop op verdere uitbreiding van ons uitvoerhandel na ander lande sal ook net daar eindig — en die jongste berigte dui juis daarop dat daar vir ons wol en vrugte byvoorbeeld 'n groot toekoms in Amerika wag . . .

**„Waar dit dus op neerkom is dat Suid-Afrika al sy rykdomme, insluitende sy goud waarmee hy in enige mark kan koop, net so in die skoot van Brittanje moet gooi as 'n slaweverpligting uit hoofde van sy verskuldigde lojaliteit aan Brittanje, en homself tot die bedelstaf bring . . .**

„Daarom moet dit vir elkeen duidelik wees dat as republikanisme ooit praktiese politiek was, dit dit vandag is. **Ons gevaar is groter as afhanklike land in die uur van Brittanje se ondergang as in die dae van imperiale hoogtes. Waar die Britse konneksie in die verlede nog as 'n kwessie van voor- of nadeel bespreek kon word, is dit vandag 'n kwessie van dood of lewe."**

**PRESIES EENDERS**

Bostaande het ons byna vyf jaar gelede geskryf toe daar 'n Verenigde Party aan bewind was, maar lesers sal merk dat elke woord — selfs die berigte van goeie markvooruitsigte vir ons vrugte in Amerika — net so van toepassing is op die huidige bewind se voorneme en planne om Brittanje met Suid-Afrikaanse lewenskrag omhoog te hou. **En daarmee is nie net die bewering weerlê as sou ons net altyd die Nasionale Party kritiseer nie, maar is terselfdertyd ook bewys dat in die huidige toestand van Empire-verband Brittanje se welvaart steeds die hoogste deurslaggewende oorweging bly ongeag wat die naam of beleid van „Sy Majesteit se Regering" in Suid-Afrika is. Met ander woorde, dat Suid-Afrika steeds slawediens verrig omdat hy binne die Britse Empire geroepe is tot slawediens.**

**Slegs verbreking van die Britse konneksie kan ons uit hierdie vernederende en gevaarlike toestand red — nie parlementêre bewindsveranderings nie, wat wel sy nut op ander gebiede mag hê, maar beslis nie sover dit ons vryheidstrewe betref nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Mooi Aansporing*

Ek het 'n baie bemoedigende en vriendelike brief ontvang van 'n leser uit Mafeking se wêreld. Hy is mnr. J. Havenga, Pk. Plesier, Maribogostasie. Baie dankie mnr. Havenga. Amper het beskeidenheid my verbied om u brief te publiseer, maar my waardering vir u mooi aansporing het gewen. Hier volg my leser se brief:

„Ek was intekenaar op verskeie ander koerante; ek het hulle almal egter bedank. Maar nooit sal ek die O.B-koerant bedank nie! Gereeld lees ek dit dwarsdeur, en as ek dit klaar gelees het, dan kry my vriende dit. 'n Vriend van my wat 'n groot Nasionalis is wil maar net altyd die blad hê om te lees. Lank lewe die O.B.-koerant.

### *Duisende Pamflette*

„Hoe geniet en geïnteresseerd is ek nie in hierdie geselskolomme nie! Maar daar is een ding wat my gedurig hinder, en dit is dat die geselskapgroep nog te klein is. Hoe baie ander sal nie graag daaraan wil deelneem nie, maar hulle weet nie van daardie geselskap af nie.

„Neef Sybrand, ek wil iets aan die hand doen, en graag verneem ek van u deur die blad, wat u daarvan dink. Bestaan daar nie 'n moontlikheid dat een of meer van hierdie geselskolomme by die duisende in pamflette gedruk word, in beide die offisiële tale, en vry uitgegee word nie? In die pamflet kan die lesers dan uitgenooi word om in te teken op die O.B.-koerant indien hulle begerig is om altyd deel te neem aan die geselskap.

„Waarlik ek voel dat iets groots aangepak moet word tot groter uitbreiding van ons so baie interessante blad."

### *Swaar Eise*

Ten slotte groet my leser met die woorde: „Alles van die fynste." Hierdie gebruik van die woord „fynste" is vir my 'n keurige afwyking van die saaigeworde „beste." Ek hou daarvan.

My leser stel darem swaar eise aan my beskeidenheid. Ek het vreeslik lus om met hom volkome saam te stem en aan te beveel dat duisende pamflette van sommige van my geselskolomme gedruk en versprei word tot stigting van ons volk se nasionale en republikeinse oortuigings. Maar ek sal my lus inhou. Ek sal liewer by wyse van vrae 'n paar besware opper, waaraan my leser en hopelik ander ook kan peusel:

Is daar nog meer lesers wat die pamflet-gedagte sal steun?

Watter van my gesels-kolomme moet in pamflet-vorm uitgegee word?

Wie sal vir die pamflette betaal? En wie sal hulle versprei?

### *Vaderland se „Ontgroening"*

My leser „Waarnemer" van Robertson (hy wat groot oë het om baie dinge raak te sien) skryf vir my:

„Ek is beslis nie 'n volgeling van Boeddha nie, maar toe ek die Vaderland (mnr. Havenga se koerant wat in Johannesburg uitgegee word) se aanstootlike aanval op die Ossewabrandwag gelees het, het ek myself afgevra of die gees van die ou H.N.P. se Kruithoring dan nou in die nuwe Nasionale Party se Vaderland gevaar het. Is die Vaderland se vyandskap teen die Ossewabrandwag 'n soort ,ontgroening' wat die blad moet deurmaak voordat hy as gelyke toegelaat word in die geselskap van sy nuwe kollegas, die voormalige H.N.P.-koerant?

„Behalwe die Vaderland, het al die koerante van die nuwe Nasionale Party reeds in die jare na 1941 hulle spore (of moet ek sê hoenderspore) verdien toe hulle die Ossewabrandwag en die Ossewabrandwag se vriend, wyle genl. Hertzog, so gemeen aangeval het. Die Vaderland was die eerbare uitsondering. Blykbaar moet die Vaderland — nadat die eertydse selfstandige Afrikanerparty vrywillig doodgegaan het — nou ook sy hoenderspore verdien deur dieselfde Ossewabrandwag wat hy jarelank bevriend het vandag bitsig aan te val. Al doen hy dit tien jaar nadat sy nuwe vriende, die ou H.N.P.-koerante daarmee begin het, is al die koerante van die nuwe Nasionale Party nou gelykes — gelyk in hul vyandskap teen die O.B.

### *O.B. moet sy Mond hou*

„Net soos die H.N.P.-koerante is ook die Vaderland nou kwaad omdat die O.B. nie wil doodgaan nie; of minstens sy mond wil hou nie.

„Toe die Afrikanerparty kaal was en hy lede wou hê om sy naaktheid te bedek — toe was die Ossewabrandwag goed en sy lede was goeie Afrikaners wat by die A.P. kon aansluit met behoud van hulle O.B.-skap. Toe kon die O.B. maar lewe en praat.

„Maar aangesien die A.P. verlede jaar, met die samesmelting van die partye, die hele H.N.P.-mondering aangetrek het en derhalwe nie meer 'n naaktheid oorgehou het wat die O.B. moet bedek nie, is die O.B. nie meer nodig nie en gevolglik ook nie meer goed nie.

„Nou moet die O.B. doodgaan of minstens sy mond hou; en sy lede moet slegs as lede van die Nasionale Party lewe en praat.

„As O.B.-lede egter as O.B.-lede wil leef en praat dan skel die Vaderland op hulle. Maar laat die ou H.N.P.'s en nuwe H.N.P.'s en eengeworde N.P.'s maar skel — die O.B. beweeg voort na die republikeinse bestemming van ons volk."

### *Volharding of Takt*

Een van my lesers uit Porterville, wat homself „Volharding" noem, behandel die kwessie van die Afrikaner se houding teenoor sy Engelssprekende medeburgers. Hy skryf na aanleiding van 'n koerantberig as sou die Ossewabrandwag „ekstremisties" wees ten aansien van sy republikeinse standpunt en dat hy daardeur nie die samewerking van Engelssprekendes sal kry nie. Sy brief lui:

„Daar is twee standpunte waartussen elke Afrikaner moet kies — want albei word in die praktyk beoefen. Die een is volharding (of ekstremisme soos dit verkeerdelik genoem word) en die ander is takt.

„Vir die Afrikaners wat hul ideale wil bereik deur op taktvolle wyse met die Engelse saam te werk ter bereiking daarvan wag daar 'n ontnugtering. In ons geskiedenis het Afrikaners dit al telkemale probeer en elke keer het die Engelse gewen. Ons boere sê dat as 'n Afrikaner met 'n Engelse vrou trou dan verengels hy sodra hulle saamgeslaap het onder een kombers.

„Twee persone, genl. Hertzog en Bismarck, het dieselde uitlating gemaak: As die Engelse politikus of pers my prys moet ek op my spore teruggaan en uitvind waar ek my eie land in die steek gelaat het.

### *Takt Help Niks*

„Toe genl. Hertzog in 1940 'n mosie van wantroue in die oorlogsregering van genl. Smuts gestel het, het hy hom min of meer soos volg uitgelaat: Ek het samesmelting aangegaan in die eerlike oortuiging dat ons soewereine status ons uit Engeland se oorloë sal hou, maar julle (wysende na die Smuts-mense) het my oortuig dat ek my hele lewe lank verkeerd was. Ek glo daar is net een manier om ons te vrywaar van deelname aan Engeland se oorloë en dit is om 'n republiek te word, los van Engeland.

„Nadat genl. Hertzog jarelank probeer het om republikeine (goeie Afrikaners) te maak van Engelssprekende Afrikaners en Afrikaanssprekende Engelsmanne moes hy erken dat hy gefaal het. Hulle het blykbaar weer al die tyd probeer om 'n goeie Engelsman van hom te maak — ook sonder sukses.

„Takt het niks gehelp nie.

„Volgens na-oorlogse nuusberigte blyk dit dat selfs Adolf Hitler ,taktvol' teen die Engelse oorlog gevoer het in die hoop om hulle te oorreed om saam met hom die Russiese kommuniste op te dreun. Hy het nie geslaag nie.

„Met takt kom 'n mens met die Engelse nêrens nie. Hulle sien dit vir swakheid aan en dit maak hulle net verwaand en koppig.

### *Volharding Enigste Grondslag*

„Die beste manier om die samewerking van die Engelsman te kry is om openlik uit te kom vir jou saak, eerlik daarvoor te veg en geen verskoning vir jou stryd te maak nie. Dan verstaan die Engelsman jou en respekteer hy jou; en dis 'n gesonde grondslag vir samewerking. Ek noem dit volharding — nie ekstremisme nie en ook nie ,takt' nie, wat per slot van sake maar net prysgawe van beginsels is.

„Dr. Malan is tans besig om die republiek op te offer en dr. Havenga lê ons geldelike onafhanklikheid op die takt-altaar — en dit alles terwille van Engelse samewerking. Die Afrikaner sal al hierdie dinge moet opoffer en tog sal geen enkele Engelssprekende 'n republikein word nie. Dit staan vas.

„Ons volk sal nie sy ideale bereik deur die breë takt-weg te bewandel nie. Nee, laat ons maar op die smalle pad van volhardende stryd loop. Dis die pad wat na oorwinning lei.

„My simpatie is nie met die takt-manne nie — nie met genl. Botha en genl. Smuts nie. Daarom steun ek ook nie vandag vir dr. Malan en dr. Havenga nie. My simpatie is met die strydmanne — met Frederick Bezuidenhout en sy opvolgers tot by ,Sambok' Smith. Daarom steun ek die Ossewabrandwag."

# Eiland lyk soos die Maan

Die Britte het verlede Saterdag eindelik die eiland Heligoland aan die Duitsers teruggegee nadat hulle dit sedert die oorlog vir toetsbombardemente gebruik het. Die eiland lyk soos die maan word vertel, met geweldige bomkraters oral op die oppervlakte.

Dit sal die Heligolanders vyf jaar neem en ses miljoen pond kos om hul eiland weer bewoonbaar te maak.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**GRYSHARE**

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**MEDISYNE**

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat** vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is u man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

# BRITTE MOET LEER WERK

**'n Vermaning aan die Britse volk om die regte houding teenoor werk in te neem as hulle hul ellende te bowe wil kom, is deur die Engelse parlementslid, Cyril Osborne gedoen.**

Osborne het 'n donker prent van die Britse voedseltoestand geskilder en daarop gewys dat die bottervoorraad byvoorbeeld sedert 1939 van 500,000 ton gedaal het tot 270,000 ton hierdie jaar, terwyl die bevolking nog steeds na weerskante uitbrei — daar is 1,000,000 meer kinders en byna 2,000,000 meer pensioentrekkers as voor die oorlog.

Ten spyte van die groot daling in voedselvoorrade was daar verlede jaar vir een kwart van alle voedsel in Brittanje nie betaal nie. Vanaf die dae van Lloyd George, het Osborne gesê, is die Britse volk geleer om 'n hoër lewenspeil te eis, ongeag persoonlike inspanning.

„Geen toertjies met begrotingsyfers kan ons red tensy daar 'n nuwe houding teenoor werk kom. Ander volke wat bereid is om hard te werk ding mee om die goedere wat ons nodig het en eis 'n plek in die ekonomiese son wat ons as ons geboortereg beskou."

# MEER SAP AS SELFS SMUTS

**„Dit is glo 'n wêreldverskynsel dat partye wat in die eerste instansie op nasionale sentiment steun, skitter in die opposisie," skryf adv. Pirow in sy Nuusbrief.**

„Dit kom waarskynlik gedeeltelik daardeur dat enige politieke party 'n belange-gemeenskap is. Gedurende die jare wat hy in die opposisie sit, het mense van allerlei slag — byvoorbeeld harde mense vir wie harde geld veel meer waarde het as ideale — hulself beywer om die party aan die bewind te bring.

**DERDERANGS**

„As 'n nasionale party aan bewind kom, dan is dit die harde element wat hom intussen so verdienstelik gemaak het dat hy binne die party die bewind voer en die idealiste word hoe langer hoe meer 'n uitwendige versiersel wat teen wil en dank meegesleur word. Hierdie verskynsel is tot 'n sekere mate besig om hom in Suid-Afrika voor te doen.

„In 'n paar gevalle het die Nasionale Regering veel verder gegaan in die Sap-rigting as wat generaal Smuts in sy stoutmoedigste oomblikke ooit sou gedroom het om te gaan. Een van hierdie gevalle is die aandoenlike poging om die Britse Staat finansieel aan die gang te hou. Daar was 'n tyd toe dit met reg kon beweer word dat die ondergang van Engeland 'n ramp vir die Wes-Europese blanke wêreld sou gewees het. Tans vra mens jouself af of die kunsmatige magsposisie van Engeland nie 'n groter ramp is as wat dit sou wees as Groot-Brittanje sy regmatige plek as 'n derderangse moondheid in die wêreldpolitiek gaan inneem nie."

# VERENIGING VAN KAMPKINDERS

**Daar is 'n Vereniging van Konsentrasiekampkinders in Johannesburg gestig. Mnr. C. J. P. Jooste (van Johannesburg) wat die aanvoorwerk gedoen het, is tot eerste voorsitter verkies.**

**Dit is die vereniging se oogmerk om takke oor die hele land te stig. Toetrede tot die vereniging is nie slegs beperk tot konsentrasiekampkinders, kampmoeders en oud-stryders nie, maar is oop vir almal wat nog belangstel in sowel die verlede as die toekoms van die Boerevolk. Hierdeur word die vereniging nie aan een geslag gebind nie en is sy voortbestaan moontlik gemaak.**

Die vereniging stel hom ten doel om ware kameraadskap tussen deelgenote aan die vryheidstryd te bevorder, feite en oudhede wat met dié oorlog in verband staan, te versamel en te ywer vir die instandhouding van konsentrasiekampkerkhowe en burgergrafte.

Aansluiting sal gesoek word by die Bond van Oud-stryders, die Historiese Monumentekommissie, die Argief en die Regering, deur wie 'n toelae beskikbaar gestel word vir die versorging van burgergrafte.

'n Ontwerp-konstitusie sal deur die bestuur opgestel word en een van sy eerste pligte sal ook wees om 'n program uit te werk waarvolgens die 50-jarige bestaan van die Vrede van Vereeniging herdenk kan word.

Inligting oor die Vereniging van Konsentrasiekampkinders kan verkry word van mnr. C. J. P. Jooste, Posbus 8982, Johannesburg.

## *Tien Jaar Gelede*

# GENL. HERTZOG SE OPROEP

**Op 11 Maart 1942 het Die O.B. genl. J. B. M. Hertzog se Ope Brief aan die Afrikanervolk bekendgemaak waarin die generaal die volk oproep tot volkseenheid buitekant die partypolitiek. Die O.B. het geskryf:**

Genl. Hertzog verwys na twee doodsvyande van die Afrikanervolk. Die eerste is die strewe om ons volk van sy vryheid te beroof en aan die oppergesag van Engeland te onderwerp. Daardeur is ons volk ook weereens in die oorlog gesleep. Na die vrede sal daar maatreëls getref moet word waardeur vir goed belet sal word dat die Afrikanervolk weereens as prooi en tot ondergang blootgestel word aan offisieel begunstigde, vreemdgesinde vyandelike groepe en enkelinge in sy midde.

**PARTY-KRAMER**

Met verwysing na die tweede doodsvyand skryf genl. Hertzog: „Veel meer dodend dan die vreemdgesinde, begunstigde vyand in die midde van sy volkslewe, is vir die Afrikanerdom, die heersugtige party-kramer uit eie volk, op soek na eer en eiebelang binne eie party. Die oorheersing en uitbuiting van die politieke party deur selfsoekers, is vandag die mees skroeiende skandaal in die lewe van die Suid-Afrikaanse partypolitiek. En net so gewis as wat dit Frankryk en andere van die mees hoogbeskaafde lande van Europa reeds tot val gebring het, sal dit ook die ondergang wees van die Afrikanervolk en Suid-Afrika, indien nie betyds die Afrikaner daartoe kom te ontwaak nie, om te besef watter vernietigende rol in ons volkslewe vandag, onder die parlementêre party-sisteem, deur die politieke party gespeel word. So die Afrikaner nie spoedig ontwaak nie en in verset daarteen op te tree nie, staan hom niks anders as ondergang voor die deur

**UITGEDIEN**

„Die demokratiese parlementêre party is reeds lankal, as deugdelike middel tot bevordering van volkswelvaart, uitgedien en is die toevlugsoord geword vir lis en eiebelangberamende politici en aspirant-politici."

Op 18 Maart 1942 het Die O.B. verwys na die nasionale koerante se boikot van alle menings behalwe dié van die Herenigde Partyleiding. Die blad het berig: „Eers is alles wat van die Ossewabrandwag afkomstig was versnipper of selfs heeltemal geweier. Nou kom genl. Hertzog met 'n eenheidsoproep tot die ganse Afrikanervolk en die nasionale koerante weier om daardie oproep te plaas."

# DUITSE DEELNAME AAN OORLOG

**Op 7 en 8 Februarie het die Duitse parlement 'n heftige, mens kan byna sê 'n hartstogtelike bespreking gevoer oor die Duitse bydrae tot die verdediging van Wes-Europa, berig ons Duitse korrespondent. Die kommuniste het lawaai gemaak en probeer om met behulp van hierdie rumoer die spanning tussen regering en opposisie te verhoog. Buitekant die parlement het kommunistiese rusverstoorders op en af marsjeer tot die polisie hulle uitmekaar gejaag het.**

In die parlement is een van die allerbelangrikste beslissings sedert die oorlog namens die Duitse volk geneem.

Dr. Adenauer die eerste minister, het deelname aan die verdediging van Europa bepleit. Ons moet die vrede red, het hy gesê. En ons kan dit alleen doen deur Europa so sterk te maak dat die Russe geen aanval sal waag nie.

Die opposisie-party het Duitse deelname geweier op grond van die feit dat Duitsland nie deur sy voormalige oorwinnaars as gelykwaardige bondgenoot behandel word nie.

**DEELNAME**

**Die regeringspartye het hulle bereid verklaar tot onvoorwaardelike deelname aan die Europese verdediging — in die hoop dat Duitsland se ou vyande en nuwe bondgenote na die verwagte oorlog teen Rusland grootmoedig teenoor Duitsland sal wees. Die opposisie-party het voorwaardelike deelname voorgestaan — as rekening gehou word met Duitsland se eer en belange.**

Die regeringsparty het gewen met 204 teen 156 stemme (ses lede het buite stemming gebly), maar dit beteken nog glad nie dat die meerderheid van die Duitse volk tevrede is om as minderwaardiges langs hul voormalige vyande te veg nie. (Van ons Duitse korrespondent).

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT

**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

**Besoek ons of skryf om besonderhede**

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



***Waar u ook* mag wees**

**Kommando**

**Suid-Afrika se *gewildste* sigaret**




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3074

# DUITSLAND, SPANJE EN TURKYE KAN EUROPA RED

**Vir die derde maal binne 'n kort tydjie — in Ottawa, Rome en Lissabon — het die besorgde geneeshere om die kranke bed van NATO die Noord-Atlantiese Verdrag-organisasie, vergader om te sien wat die pasiënt skeel en wat gedoen kan word om hom te help. Die diagnose is betreklik eenvoudig: bloedarmoede. Die geneesmiddel is ook vanselfsprekend: 'n bloedskenker moet die pasiënt nuwe krag en lewe gee. Dit is min of meer die kern van die toestand wat deur die Lissabonse konferensie gedurende middel Februarie in oënskou geneem is en wie se oogmerk mens in die volgende sin kan saamvat: Duitsland moet bloei!**

Sedert die stigting van die roemloos gestorwe Brusselse blok, van wie die Noord-Atlantiese Verdrag die erfgenaam is, was dit duidelik dat die gesamentlike beleid op valse grondslag berus en vandaar dan ook dat die ongehoorde verspilling van Amerikaanse dollars tot 'n fiasko moes lei.

**Hierdie valse grondslag is daarin geleë dat Engeland nie in die groep ingesluit is nie en dat Frankryk en die Beneluxlande nie gewillig was en is om werklik aktief teen die dreigende Russies-kommunistiese gevaar op te tree nie ten spyte van die oorvloed woordelike versekerings. Hierdie woordelike versekerings het net een doel en dit is om soveel dollars as moontlik van Washington te ontvang en dit te verslind sonder dat die getal divisies waarvoor dit bestem is enigsins aangroei.**

### ERKEN

Hierdie gevolgtrekkings is deur die Amerikaanse pers woord vir woord reeds erken, maar sonder dat dit Washington tot die juiste stappe beweeg het. Ek neem 'n paar aanhalings uit die pen van die militêre medewerker Hanson W. Baldwin in die New York Times van 8 Januarie. Nadat die New York Times op 25 Desember berig het dat daar van die tien in vooruitsiggestelde Franse divisies vir die einde van die jaar nog net drie gereed is, terwyl die orige sewe nog eers op Amerikaanse wapentuig moes wag voordat hulle slagvaardig kan wees, skryf Baldwin:

„Die jaar 1952 begin vir die Noord-Atlantiese Verdrag met slegte vooruitsigte. Die verdediging van Wes-Europa is in die eerste plaas 'n saak vir landmagte. Daarom moet Frankryk en Duitsland die hooflas in hierdie verdediging dra. Frankryk het egter nog nie eens die beskeie oogmerk van 1951 bereik nie en sy program vir 1952 sal wesenlik gewysig moet word. Van die tien divisies wat hy teen die einde van 1951 gereed moes gehad het, is daar nog maar net vyf in gereedheid gebring, terwyl die ander vyf nog nie eens halfpad gereed is nie.

**Deur dr. Otto Strasser**

Die program van vyftien divisies vir 1952 moet gevolglik maar verminder word na twaalf."

### KOMMUNISTE

Nog treuriger klink die berigte in die tydskrif U.S. News and World Report wat onder meer lui: „Daar is feitlik so goed as geen wapenproduksie in Frankryk nie. Die Franse nywerhede wil geen militêre kontrakte aanvaar nie enersyds uit vrees dat die regering die fabrieke mag oorneem en andersyds weens die vrees vir die talryke kommuniste in beherende posisies in die nywerhede. Ten slotte is die Franse kontrakteurs ook baie gekant teen die militêre inspeksie . . . Hulle voer aan dat Duitse offisiere nog meer aanneemlik is as die Amerikaanse omdat hulle minstens 'n hofliker houding aanneem." (Uitgawe van 21 Desember.)

En op 18 Januarie skryf dieselfde tydskrif kort en saaklik: **„Wat die verdediging van Wes-Europa betref, dit staan vas dat Frankryk nie die rol kan vervul wat Amerika aan hom toewys nie . . . Duitse troepe en nie Franse nie, is gevolglik die hoop van Amerikaanse stratege, die enigste wat ons troepe kon bystaan."**

### WERKLIKHEID

Hier word die teenstelling tussen die verbeeldingspolitiek van die Amerikaanse departement van buitelandse sake en die werklikheidspolitiek van die Pentagon (leërhoofde) helder en klaar uitgedruk—'n teenstelling van wie se oplossing die welslae van NATO afhang.

**Vir elke kenner van die Europese toestande is dit duidelike dat raas die vryheidsliefhebbende Swede en Switsers net Duitsland en Spanje en Turkye 'n doeltreffende wal teen die kommunisme kan opwerp.**

Die Amerikaanse departement van buitelandse sake, wat sterk onder die invloed van Londen en Parys staan, het egter hardnekkig geweier om hierdie feite te erken. Hulle het Spanje en Duitsland doelbewus verag en onderdruk en Turkye ook maar net op skamele wyse 'n aandeel gegee vergeleke met die hulp wat op Engeland, Frankryk en die Benelux uitgestort is.

### ENGELAND

Engeland, wat homself weens sy wêreldwye belange nie in die Westerse kamp gevoel nie, se beleid kom daarop neer dat hy Duitsland net as maneuver- en oefenveld vir sy rekrute wil benut terwyl sy werklike strydmagte by die Suezkanaal, op Malta en Cyprus, in Singapoer en Hong-kong gekonsentreer is. Vandaar dan ook dat hy druk op Amerika uitoefen om die stryd in Korea te staak al kom dit neer op 'n nederlaag, sodat Amerikaanse divisies vrygestel kan word vir Europa.

Teen hierdie rigting begin die Amerikaanse volk en die leërleiding hom in steeds toenemender mate te verset en vir die eerste maal het die kongres nou gevra wat van al die miljoene dollars geword het wat vir 'n Europese leër bestemd was. Die antwoord was dat dit nog net bestaan het uit die divisies wat Amerika self daarheen gestuur het!

Aangesien Acheson met die Britse en Franse invloed hom nog op die Lissabonse konferensie laat geld het, bly die toestand voorlopig nog onveranderd ten spyte van die vriendelike aanbieding van bloed deur die Bonnse bewind aan die NATO-pasiënt.

### OMMEKEER

Nee, die genesing kan alleen geskied deur 'n volledige ommekeer in die beleid wat tot dusver deur Washington gevolg is: In die plek van die natuurstrydige opvatting wat die Europese verdediging op Engeland, die Benelux en Frankryk laat steun, moet die opvatting gestel word wat in ooreenstemming met die natuurlike feite is.

**Die verdediging van Europa is in die eerste plaas 'n saak vir gesamentlike optrede deur Sparje, Duitsland en Turkye, ondersteun deur die Britse vloot en die Amerikaanse lugmag.**

Frankryk se aandeel sal afhang van sy binnelandse gesondheidstoestand en van sy bydrae in sy kolonies soos Agter-Indië en Noord-Afrika, maar allermees van die vraag of hy die kommunistiese greep in sy eie boesem sal kan afskud — wat ook vir Italië geld, wat militêr gerus maar buite rekening gelaat kan word.

**Duitsland, Spanje en Turkye is bereid om saam met Amerika die verdediging van Europa en die bevryding van Oos-Europa waar te neem, mits hulle daardeur ook hul eie belange kan dien. Sodra die Amerikaanse departement van buitelandse sake dit besef en uitvoer, is NATO gesond en Europa gered.**

# BASTERPROBLEEM IN BRITTANJE

**Die Britse gelykstellingsbeleid tussen wit en swart is verantwoordelik vir die ontstaan van 'n nuwe en duur probleem in Brittanje, naamlik die buite-egtelike basterkinders wat deur die staat versorg moet word. 'n Britse Q.C., adv. Rowland Thomas, het in 'n Londense geregshof verwys na die geval van 'n basterkindjie wat deur die staat versorg moet word nadat die blanke moeder die negervader verlaat het.**

Hy het verklaar: „Sommige nie-blanke mans kom hier; lê hier rond en kry staatsteun. Wanneer jong blanke meisies hulle agternaloop vind geen huwelik plaas nie. Buite-egtelike kinders word in die lewe gebring en ons moet hulle onderhou met die gevolg dat die belastings opgaan." Hy het uitgeroep: „Die arme Britse publiek. Hulle behoort te weet wat aangaan."

'n Speurder het die hof meegedeel: „Ons kry met tot vyf of ses gevalle per week te doen."

### APARTHEIDSVERKIESING

Union, die orgaan van die Engelse volksbeweging, skryf dat daar 'n hele uittog van blankes uit Brixton plaasvind as gevolg van die instroming van nie-blankes. Die stad het alreeds die naam „Little Africa" verwerf.

Union Movement, sir Oswald Mosley se beweging, gaan deelneem aan die aanstaande London City Council-verkiesing. Die beweging se beleid sal wees dat nie-blankes belet moet word om die land binne te stroom deur beter toestande vir hulle in hulle eie lande te skep.

Dit sal waarskynlik die eerste apartheidsverkiesing (op die Suid-Afrikaanse patroon) wees in die geskiedenis van Brittanje.

# DE GAULLE WAG . . .

**Voorverlede week het Frankryk se sewentiende eerste minister sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog, die lede van sy regering aangekondig. Premier Pinay sal aan die hoof van 'n koalisieregering staan — 'n kombinasie van die demokratiese politieke partye in die Franse parlement. Aan die linkerkant sal die nuwe regering opponeer word deur die Kommunistiese Party en aan die regterkant deur genl. De Gaulle se volksbeweging.**

Die 61-jarige generaal De Gaulle wat nie lid van die parlement is nie — hy verkies om nie lid te wees nie — lei sy party vanuit sy huis, waar hy in blykbare afsondering woon. Nogtans hou hy sy hand op die pols van die openbare lewe van Frankryk. Dit word vertel dat hy leierskap-oor-die-telefoon beoefen. Sy telefoon-rekening beloop meer as vyftig pond per maand.

### REDDER

Genl. De Gaulle glo dat die talryke regeringskrisisse wat Frankryk met vervelige eentonigheid teister meedoënloos afstuur op die uur van Frankryk se lotsbeslissing. Hy glo dat hy aangewese is om in daardie uur die redder van sy land en sy volk te wees. So geduldig wag hy dat daardie uur moet aanbreek dat hy somtyds die senuwees van sy volgelinge tot breekpunt toe span.

Berigte uit Frankryk dui daarop dat genl. De Gaulle glo dat die uur van lotsbeslissing nou baie naby is.

Genl. De Gaulle is tans besig om 'n reeks vergaderings toe te spreek in die vernaamste stede van Suidwes-Frankryk. Hierdie dele word beskou as die middelpunt van De Gaulle se krag.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.

**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer U in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*


*Wonderland vir Reisigers*

*Gaan u op Reis?*

**RAADPLEEG DAN DIE DESKUNDIGES!**


Die beste wyse om die grootste voordeel uit u vakansies te haal is om al die lastige besonderhede vooraf haarfyn uit te pluis. En dit is die taak van die S.A.S.-Reisburo. Hulle sal u vervoer na, en akkommodasie in feitlik enige plek te wêreld reël. Hulle sal u van deskundige raad bedien sodat u sorgvry kan vertrek, wetende dat alles in die haak is. Dit kom nie daarop aan of u na Swasieland of Switserland, na die Suidkus van Natal of die Suidkus van Frankryk wil reis nie—u is van dieselfde, deskundige en hoflike diens verseker.

Ook sakelui beplan hul reise oorsee in oorleg met die S.A.S.-Reisburos. Hulle lê hul veral toe op die reëling van passasies, dog deur middel van samewerkende agente dwarsdeur die wêreld, behartig hulle ook hotelakkommodasie sowel as al die bykomende besonderhede.



**KOM TERUG NA SORRENTO**

*na die lemoenboorde, die pragtige kustonele, die sorgvrye vakansielewe. Die hele Italië lok die Suid-Afrikaanse reisiger. Die S.A.S.-Reisburo sal u see- of lugreis na Italië en die res van die Vasteland reël.*



**DIE TUINROETE**

*versamelnaam vir die asemrowende tonele van bosse, berge en die seekus . . . en dit alles slegs 'n hanetreetjie van u af! Die S.A.S.-Reisburo reël volledige toere sowel as vakansies te enige van die talryke oorde langs die Tuinroete.*

*Gaan dan eers na die* **S.A.S.-REISBURO**

*Amptelike Reisburos vir die Van Riebeeck-Feeskomitee in 1952*

JOHANNESBURG
KAAPSTAD - DURBAN
PRETORIA - PORT ELIZABETH
OOS-LONDEN - KIMBERLEY - BLOEMFONTEIN - PIETERMARITZBURG - WINDHOEK
BULAWAYO - LOURENCO MARQUES — Indien u nie in die nabyheid van enigeen van hierdie kantore woon nie, sal u Stasiemeester graag navrae namens u behartig.

T*